MY LEWENSVERHAAL

HY HET MY GEVIND

Op die ouderdom van 30 het my hele lewe begin inmekaar tuimel toe ek en my man geskei is. Al my drome was aan skerwe en ek het myself in 'n baie donker en eensame plek bevind. Dit het omtrent 3 jaar geduur. Ek het 'n klomp skadelike foute gemaak in my verhoudings en ek het baie sleg daaroor gevoel, asook oor myself. Ek het gevoel dat niemand my verstaan nie en dat niemand my liefhet nie. Ek het 'n oorweldigende gevoel gehad dat ek nerens inpas nie. Alhoewel my ouers christene was, was ons gesin disfunksioneel as gevolg van alkohol misbruik en ek het nie die Here se liefde as 'n kind nie geken nie. Ek het herhaalde gesondheidsprobleme gehad (gedink ek was onder 'n vloek). Na vele teleurstellings in Mediese Dokters en medisyne, het ek oosterse genesingspraktyke probeer wat gelei het na 'n geestelike soeke. Ek het verskillende oosterse gelowe ondersoek en beoefen, maar was elke keer net weer teleurgesteld wanneer ek agtergekom het dat daar by elkeen een of ander meester/beheerende wese/god was onder wie mens moes buig en wie se reels nagekom moet word, sonder enige persoonlike betrokkenheid. Op daardie stadium was die Nuwe Era se filosofieë baie aantreklik. Daar kon ek myself uitleef en vry wees om my eie keuses te maak. Ek kon van elke geloof, filosofie en mistieke pad vat wat vir my sin gemaak het, en dit in my lewe toepas. My las het net swaarder en swaarder geword. Uiterlik het dit gelyk asof ek ok was, maar ek het 'n oorlewingsmakser gedra. Eintlik kon ek glad nie in my daaglikse lewe behoorlik funsioneer nie. Ek het baie seer in my hart rondgedra, wat ek diep weggebêre het. Ek het niemand vertrou nie en het moed opgegee met die lewe.

Teen hierdie tyd was ek baie desperaat; my eie pogings om innerlike genesing en vrede te vind het nie gewerk nie. Ek het omtrent al my geld daarop spandeer en het nou 'n baie klein inkomste gehad. Ek kon nie 'n voltydse werk behartig nie as gevolg van depressie en 'n senuwee instorting wat ek gehad het.

In die informele Nuwe Era gemeenskap waar ek en my dogter (10 jaar) gewoon het, het iemand dit vir my genoem dat een van die ander inwoners, Ruth, 'n christen is. Op daardie stadium was ek vervreem van christene as gevolg van baie misverstande en wanopvattings. Soveel so dat ek myself gedistansieër het van christene en hulle vermy het. Maar onmiddellik nadat ek vir Ruth ontmoet het, het ek gemaklik en aanvaar gevoel in haar teenwoordigheid. Sy het nooit met my oor die Here gepraat nie, Ek het altyd gevoel dat sy my aanvaar net soos ek is. n Vriendskap het ontwikkel en sy het my toe later genooi na 'n Moedersdag diens by hulle kerk. Ek het geen intensie gehad om 'n christen te word nie, ek het nie daarin belangt gestel nie, maar omdat ek eensaam was, en Ruth so 'n liefdevolle mens was, het ek haar uitnodiging aanvaar.

Van die oomblik af wat ek die saal binnegestap het waar hierdie vriendelike, innemende mense vergader het, was die warm, liefdevolle atmosfeer oorweldigend. Toe hulle begin sing het, het my trane vryelik gevloei (iets wat baie ongewoon vir my is). Die prediker se boodskap was gefokus op moeders, hoe kosbaar ons is en hoe baie hulle ons waardeer. Iets wonderliks was besig om te gebeur. Dit was nie net sy spesifieke woorde nie, dit was nie dat hy 'n baie dinamiese mens was nie en ook nie net die groep mense nie. Ek het bewus geword van 'n tasbare Teenwoordigheid van Iemand so liefdevol en saggeaard, maar tog so Alleswetend, wie my diepste wese ken, verstaan en liefhet. Ek het so 'n intense begeerte gehad na waardering as 'n moeder en as persoon. Dit was nie dat my gesin my nie waardeer het nie, dis net dat ek dit nie kon ontvang nie want ek het my hart so toegesluit as gevolg van al die seerkry. Nou het ek net gehuil en gehuil. Daar was absoluut geen oordeel, veroordeling of kritiek nie. Net totale onvoorwaardelike liefde en genade.

In die opeenvolgende dae het ek merkwaardige interaksie met christene gehad. Hulle het vir my gebid en ek het begin agterkom dat daar tasbare positiewe dinge met my begin gebeur het. Ek het ernstig kennis hiervan geneem. Ek was baie aangetrokke tot die warm liefde en die positiewe dinge wat besig was om met my te gebeur, maar terselfdertyd was ek verward en bang. Watter een van hierdie geestelike rigtings is die regte een? Ek vat toe my dogter se Bybel en maak dit oop en begin daarin lees. Dit het direk tot my en in my situasie ingespreek. Ek het ook een van die christene wie vir my gebid het, 'n paar direkte vrae gevra om my verwarring op te klaar. Sy het haar Bybel oopgemaak en het my geantwoord deur spesifieke skriftekse vir my te lees.

Dieselfde ervaring as wat ek tydens die moedersdagdiens in die kerk gehad het, het weer met my gebeur. Die Here het direk met my gepraat deur hierdie Skrifgedeeltes en Hy was besig om daardeur al my verwarring op te klaar. Ek was gekonfronteer met die Waarheid en kon nie daarteen stry nie. Nou was ek seker dat die Bybel die die Waarheid is en dat ek Jesus wil volg. Ek het toe self die Bybel begin lees. Dit was 'n wonderlike ervaring. Die Heilige Gees het my oortuig dat daar dinge was wat ek gedoen het en wat ek in betrokke was, wat Hom nie behaag nie. Ek was so oorweldig deur Sy liefde dat ek niks wou doen wat Sy hart sou seermaak nie. Ek het my sonde bely asook vir almal wie ek seergemaak het, of te na gekom het, briewe geskryf en om verskoning gevra. Heerlike vrede het my hart gevul. Ek het nou vrymoedigheid gehad om met Hom te praat en het nie net ervaar dat Hy my volkome verstaan nie, maar het ook die vertroue begin kry dat Hy my sal help met al my probleme. Dit was die begin van 'n wonderlike lewenswandel wat nog steeds aanhou na 25 jaar.

My gesondheid het drasties begin verbeter. Uit genade het ek Sy wonderwerkende versterking van my verswakte sig ontvang (ek het 'n genetiese oogkondisie) asook bonatuurlike genesing in my heup. Ek het baie pyn in my heup gehad a.g.v. spiere wat gereeld in soveel spasma was dat die heup in die potjie gedraai het. Van daardie tyd af het ek geen verdere probleme met my heup gehad nie. Met die tyd het al my kroniese siektes ook heeltemaal verdwyn !

Ek en my dogter het die Nuwe Era gemeenskap verlaat en het 'n huis gedeel met 'n vriendin wat haar eie naaldwerkbesigheid gehad het. Sy het my in diens geneem vir 'n tydperk waartydens die Here my geestelik versterk het. Ek was emosioneel maar baie broos. 'n Evangelis het ons kerk besoek waarby ek aangesluit het. Die volgende woorde wat hy gesê het, het my diep getref :

"As jou God 'n streng en kwaai God is, wie daar vêr op 'n afstand is, dan dien ek en jy nie dieselfde God nie." Hy het gepraat van 'n wonderlike en liefdevolle Hemelse Vader en ek kon sien dat hy 'n liefdesverhouding met Hom het ! Dis presies waarna ek gesmag het.



Ek was baie lief vir my pa maar na vele teleurstellings in ons verhouding wat baie seergemaak het, het ek my hart heeltemaal toegemaak. Ek wou nie die risiko neem om verder seer te kry nie. Dit het deurgewerk na my verhoudings met mans, wat almal dieselfde trant gevolg het. Ek was nou op 'n plek waar ek dit nie weer wou waag om seer te kry nie, maar tog het ek so 'n diep smagting na liefde gehad en om in 'n liefdesverhouding te wees. *Die evangelis het gesê dat sondeskuld, dlledaagse take of bekommernisse ons maklik kan verhinder om na die Here te kom, maar ons kan kom net soos ons is.* Later die aand, alleen in my kamer het ek dit probeer. Ek het gesê : "Here, ek kom na U toe net soos ek is." Ek het vir 'n rukkie gebid en toe gaan slaap en die volgende in 'n droom beleef :

Ek staan in die middel van 'n leë vertrek. Die mure is dik en wit, met 'n deur opening aan die eenkant en 'n vensteropening aan die anderkant. Die volgende oomblik beweeg daar 'n Figuur in 'n lang wit gewaad verby aan die buitekant van die deuropening. Huiwerig vra ek : "Is jy Jesus?" Hy het my nie met woorde geantwoord nie, maar daar het 'n geweldige, innige liefde van Hom af na my toe uitgestraal. *Hy het nie die vertrek binnegekom nie, maar het my gevoelens respekteer deur net by die deuropening verby te beweeg.*

Ek is baie oorweldig en baie vreesagtig krul ek op in 'n bondeltjie in die hoek van die vertrek. Ek word wakker met die woord **VERWERPING** voor my geesesoog. Hy ken my baie beter as wat ek myself ooit kan ken. Geen wonder ek kon nie liefde ontvang nie! Ek het verwerping alreeds in my moederskoot beleef, in my kinderdae asook as 'n volwassene. Wonde op wonde, waar Hy die detail van mettertyd aan my openbaar het. Maar die liefde wat deur Hom na my toe gevloei het, het my hoog opgelig. Ek het gevoel asof ek op 'n groot veilige golf ry. Ek het nou vir enige iets en enige iemand kans gesien! My alledaagse probleme was nog daar, maar die lewe het nou 'n heel ander kleur gehad. "Hy het my lief, Hy het my lief" het my hart gesing! Hy is regtig nie die streng en kwaai God wat ek gedink het Hy was nie.

Omtrent 6 maande later, het ek 'n baie delikate besluit in die gesig gestaar. Ek het in my hart gevoel dat dit die Here sou behaag as ek teruggaan na my man toe. Ek het dit aanvanklik probeer ignoreer, maar dit het nie weggegaan nie. Ek het nog met soveel onopgeloste kwessies in my hart geworstel. Daar was soveel misverstande tussen ons wat hartseer vir ons altwee veroorsaak het. Dis asof die liefde tussen ons koud geword het. In ons huweliks-verhouding het ek baie dae gevoel soos 'n voëltjie in 'n koutjie. Ek was verward en bang. Uiteindelik het ek my hart voor my Heer uitgestort. Alhoewel die egskeiding baie hartseer en pynlik was, en dit nie die oplossing is nie, het ek in 'n mate vry gevoel. Nou is die asof die Here vir my vra om terug te gaan in die koutjie. Ek maak my Bybel oop om te hoor wat die Here vir my sou sê. My oog val op die opskrif van 'n deel in Openbaring 19 : "Die Ridder op die Wit Perd." Onmiddellik was my verwarring opgeklaar en alles het begin sin maak. Ek het 'n beperkte idee van 'n huwelik gehad asook 'n onrealistiese verwagting van my man. Ek het verwag dat hy my geestelike leemte ook sou vul !

Iemand wat soos 'n Ridder van ouds, my sal opraap en wegneem na veilighied, my sal red van al my vrese en onsekerhede. Iemand wat my verstaan en liefhet net soos ek is. Maar die beskrywing in die Bybel is van Jesus Christus in Sy glorie, op 'n wit perd. So het ek dan ervaar dat die Here vir my sê dat, as ek wil, sal Hy baie graag so 'n Ridder vir my wil wees. Hy sal self weer die liefde opwek. Maar die keuse is tog nog myne. Wel, met die wonderlike liefde wat ek sovêr gesmaak het, was ek gewillig om te probeer. Hy het vir my soveel hoop gegee om terug te gaan na my man toe. Met die Here se hulp sou ons nou ons konflik beter kon hanteer. 6 maande later is ons toe weer getroud. Ek kon hom opnuut leer ken as 'n geduldige, liefdevolle man en hy sorg goed vir my. My pyn het my daarvoor verblind en ek het dit ook vanselfsprekend geneem. Dis nou 25 jaar gelede. Namate die Here my hartswonde genees het, het ons verhouding verbeter. Ek het ook uitgevind dat die Woord verklaar dat hy geheilig is deur my geloof. Ek het steeds die voorreg om vir hom te bid !

Die Here het baie ander wonderlike dinge in my en my familie se lewens gedoen. Hy het my heup genees, my kroniese kwale het verdwyn namate Hy my wonde genees het en Hy het my oë al 3 keer versterk. Maar my lewe is nie sonder moeilikheid en probleme nie. Ek kan wel met sekerheid sê dat daar nog nie een probleem is wat die Here nie opgelos het nie. Deur die hoogtepunte en laagtepunte van my lewe, was Hy nog altyd daar vir my. Ek is die Here ewig dankbaar vir Sy getrouheid en wondergenade teenoor my.

Jesaja 43:1

_Maar nou, so sê die HERE, jou Skepper, o Jakob, en jou Formeerder, o Israel: Wees nie bevrees nie, want Ek het jou verlos; Ek het jou by jou naam geroep; jy is myne!